**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL SG**
**(Tweede Vraestel: Letterkunde)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord **ENIGE TWEE AFDELINGS**.

---

AFDELING A
**POËSIE**

Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling. **BLADSY**

| | | |
|---|---|---|
| **VRAAG 1** | **Eksamen** | **3** |
| | **Begrafnis van ? ouma en Hansie en Grietjie** | **4, 5** |
| | **Voël** | **6** |
| | **Ek is oek important** | **7** |

AFDELING B
***KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

Beantwoord **AL** die vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 2** **8**

AFDELING C
***KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

Beantwoord **AL** die vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 3** **13**

AFDELING D
***GOOI HOM IN DIE SLOOT* – Roelf van Rensburg**

Beantwoord **AL** die vrae in hierdie afdeling.

**VRAAG 4** **16**

---

## AFDELING A
## POËSIE

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae in Afdeling A.
- Beantwoord elke GEDIG op ? NUWE bladsy.

### VRAAG 1

***EKSAMEN*** **– ANNESU DE VOS**

dit is kakofonie
wanneer jy bang verwilderd
kantel
deur die nag
tussen die bladsye
van hoofstuk vyf
se Klimatologie;
die lêboor van die wyfiesprinkaan
klop
haar eiers stelselmatig stoot
tot in die veilige vesting
van jou dop –
jy sien die dood
as Franse Revolusies bloedloos stol
sodat die lewensiklus
van die mielieboorwurm
in die hamerslae van jou kop
voltooiing vind

tot jy verkorrel
in die suiker van soet slaap

**Uit: *Gebed van ? groen perske en ander verse*, Tafelberg**

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Skryf SLEGS die vraagnommer en die ANTWOORD neer.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

**VRAE:**

1.1 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Kakofonie beteken (georganiseerd / deurmekaar). (1)

1.2 Noem EEN vak waarvoor die student probeer leer het. (1)

1.3 Haal die WOORDE aan wat sê wanneer die student geleer het. (1)

1.4 Waar word die eiertjies van die wyfiesprinkaan gebêre? (1)

1.5 Waar sal die student sy / haar kennis stoor? Gee EEN WOORD. (1)

1.6 Watter TWEE APARTE WOORDE in die gedig praat van ? hoofpyn? (2)

1.7 Watter TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE sê dat die student baie bang is? (1)

1.8 Wat gaan die student later doen wat baie lekker is? (1)

1.9 Waarmee word die antwoord in Vraag 1.8 hierbo vergelyk? (1)
**(10)**

**EN**

***BEGRAFNIS VAN 'N OUMA*** **– LINA SPIES**

Vandag sal hulle jou weglê in die aarde,
die groen heuwelland van die Noord-Vrystaat,
boervrou met breë, betroubare hande:
    die klein swart skaar familie,
    die agterkleinkind met sy blom,
    die dominee en die gepaste teks.

Ek was jou eerste naamgenoot, jy het my liefgehad,
maar kleinkinders is tydeliker as kinders,
ontgroei hul eie molligheid en oumenshande
wat lateraan deug net vir 'n transistor op die skoot
terwyl die oë straat af speur na die posman
met sy brief van 'n onvervreemde.

Jy kon nog lees, toe het ek ophou skryf,
jou "waarheidstories" was vergeet,
en in my onbetreurde afwesigheid,
geliefde vreemdeling, bêre hulle jou vandag.

Longontsteking het jou agterhaal
voor 'n oop venster,
jy wat die seerkry van die hoes
kleintyd uit my bors kon vryf.

Ek onthou die kalfie voor jou koolstoof
en ruik kamferolie op die winterlug.

**Uit: *Senior Verseboek***

**EN**

***HANSIE EN GRIETJIE* – E. CASTELYN**

daar was eendag 'n woud
aan die kant van die son,
die maan is 'n flou olielamp,
saans brand honderde kersies,
die volgende môre word die kindertjies
afgelaai by die heks se huisie
hulle huil tot vanaand
na-vyf, na-werk kom die
stiefmammies en -pappies hulle haal
met 'n ysterswaan
die nuutste model blaas rook
en jaag oor riviere teer
tot by kelders parkering
dan word hulle opgehys
gebad en gevoer in 'n hok
moet hulle soet gaan slaap
eennag het hansie en grietjie
weggeloop, bo-oor die tralies geklim
en fyn en flenters geval
op die paadjies sement
ver van die huis af

**Uit:** ***Tussen hemel en aarde***

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Skryf SLEGS die vraagnommer en die ANTWOORD neer.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

1.10 Lees die vrae in **KOLOM A** en soek die antwoord in **KOLOM B**. Skryf slegs die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 1.10.1 | Wanneer word die ouma begrawe? | A. | longontsteking |
| 1.10.2 | Hoe weet ons die spreekster was nie op haar ouma se begrafnis nie? | B. | stad |
| | | C. | brief |
| 1.10.3 | Wat is die woud eintlik? | D. | by die heks se huisie |
| 1.10.4 | Watter woord beteken dieselfde as begrawe? | E. | afwesigheid |
| 1.10.5 | Waarmee ry die ouers? | F. | vandag |
| 1.10.6 | Wat sou die posman vir die ouma bring? | G. | teerstrate |
| 1.10.7 | Hoe laat gaan haal die ouers die kinders? | H. | ysterswaan |
| 1.10.8 | Waaraan is die ouma dood? | I. | na-vyf, na-werk |
| 1.10.9 | Wat beteken riviere teer? | J. | weglê |
| 1.10.10 | Waar word die kindertjies elke oggend afgelaai? | | |

**(10)**

**EN**

***VOËL*** **– R.K. BELCHER**

Met gras en waaisand half bedek
lê muf en benerig ? voël
met stywe bene en wydoop bek.

Die vlerke wat eers hoog en blink
gestyg het in die môreson
lê sonder vere en effens stink

en waar ? vloed van sange was
is alles stil, is alles dood
onder die waaisand en die gras.

O moenie dat jou hande beef
want alles wat die dood afsny
moet jy laat leef.

Haal dan jou sakmes uit
en sny ? hol, wit beentjie uit sy bors
en maak daarmee ? fluit.

**Uit: *Ver Land***

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD neer.
- Nommer in die MIDDEL van die BLADSY.

**VRAE:**

1.11 Watter TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE sê dat die voël nie heeltemal toegegooi onder die grond was nie? (1)

1.12 Hoe het die voël se bene gelyk? Haal slegs EEN WOORD aan. (1)

1.13 Wat het die voël se vlerke eers gedoen? (1)

1.14 Wat het nou met die voël se vlerke gebeur? (1)

1.15 Watter WOORD sê dat die voël baie gesing het? (1)

1.16 Watter WOORD in die derde strofe sê dat die voël nou heeltemal bedek is? (1)

1.17 Waarmee moet die spreker ? beentjie uitsny? (1)

1.18 Hoe moet die beentjie lyk? Gee slegs EEN WOORD. (1)

1.19 Watter TWEE APARTE WOORDE uit die gedig sê dat die voël nie meer lekker ruik nie? (2)

**(10)**

**EN**

**_EK IS OEK IMPORTANT_ – P. SNYDERS**

As al julle geldgatte
julle geld gespendit,
En julle bananaskille
innie slootjie gegooi het,
en julle bustikkits
soes confetti gestrooi het,
en julle staain en cool drinks
opgedrink het
en julle borrels en blikkies
in 'n gangetjie gesit het,
en julle visgraatbolle
en vrot vrugte
en stukkene boksies
en papiere
r o n d g e g o o i h e t . . .

dan kom ek
en maakie wêreld weer skoon:
soe,
ek is oek important.

Uit: ***Senior Keur***

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die GEDIG neer.
- Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD neer.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

**VRAE:**

1.20 Gee die WOORD wat verwys na ryk mense. (1)

1.21 Wat het die ryk mense met hulle geld gedoen? Gee slegs EEN WOORD. (1)

1.22 Waar het hulle die piesangskille gegooi? (1)

1.23 Waarmee word die buskaartjies vergelyk? (1)

1.24 Waar het hulle die *staain borrels* en die *cool drink*-blikkies neergesit? (1)

1.25 Kies die KORREKTE antwoord. Gee slegs die VRAAGNOMMER en die LETTER.

Visgraatbolle beteken ______.

A. visgrate in borde
B. visgrate in papier opgerol
C. vis en skyfies in ? bord
D. visgrate en skyfies op die vloer. (1)

1.26 Hoekom het hulle die vrugte weggegooi? (1)

1.27 Gee die korrekte Afrikaans vir die volgende woorde:

1.27.1 important (1)

1.27.2 gespendit (1)

1.28 Watter WOORD sê dat die skoonmaker die wêreld oor en oor skoonmaak? (1)
**(10)**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

**EN / OF**

AFDELING B

**KORTVERHALE: *KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
- Beantwoord ELKE STEL VRAE op ? NUWE bladsy.

**VRAAG 2**

***DIE OOREENKOMS* – Dalene Matthee**

| Hulle het baie ander dinge ook gedeel. |
|---|

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die toepaslike ANTWOORD neer.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

**VRAE:**

2.1 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Jakob en Willem was twee broers wat in die ouetehuis gebly het. (2)

2.2 Wat was die naam van die ouetehuis waar hulle gewoon het? (1)

2.3 Drie van die antwoorde voltooi die sin NIE korrek NIE. Watter een is KORREK? Skryf net die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

Die ouderdom van Jakob en Willem is ______ .

A. tagtig
B. vlak in die sestig
C. negentig
D. vlak in die sewentig (1)

2.4 Watter **medisyne** het Jakob en Willem gedrink? (1)

2.5 Watter tyd van die dag het hulle altyd hulle medisyne gedrink? (1)

2.6 Kies die KORREKTE antwoord. Gee slegs die VRAAGNOMMER en die LETTER.

Watter hoogtepunt het Jakob in sy lewe gehad?

A. Hy is nooit getroud nie.
B. In 1947 het hy die trein vir die koningsgesin bestuur.
C. Hy het drie kinders gehad.
D. In 1950 het hy ouetehuis toe gekom en vir Willem ontmoet. (1)

2.7 Voltooi:

Jakob en Willem het ? ooreenkoms met mekaar aangegaan. Die ooreenkoms was dat die een wat 2.7.1 ______ doodgaan moet vir die ander een ? 2.7.2 ______ kom gee om te sê of daar lewe na die 2.7.3 ______ is. (3)
**(10)**

**EN**

## *ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK* – A.H. de Vries

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die toepaslike ANTWOORD neer.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

**VRAE:**

2.8 Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies.

Tussen die 2.8.1 (Swartberge / Drakensberge) ______ en die see lê daar meer stories rond as klippe en bokspore. En die ergste is dat die meeste stories 2.8.2 (onwaar / waar) ______ is. (2)

2.9 Wie se swak puntjie was nuuskierigheid? (1)

2.10 Waar het Rooikoos gewoon nadat hy alles met sy drinkery verloor het? (1)

2.11 Teen wie sou Rooikoos se span rugby gespeel het? (1)

2.12 Wat was die eindtelling tussen die twee spanne? (1)

2.13 Die Barrydalers het wraak (revenge) geneem teen Rooikoos.

2.13.1 Waarheen het hulle vir Rooikoos geneem? (1)

2.13.2 Wat het hulle aan Rooikoos gedoen? Noem TWEE feite. (2)

2.14 Hoekom noem mense die hoofkarakter **Rooi**koos? (1)
**(10)**

**EN**

**_STORM OP DIE BERG_ – W.A. de Klerk**

**EN**

**_'N MAN KOM TUIS_ – C. Barnard**

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die toepaslike ANTWOORD neer.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

2.15 Pas die woorde in **KOLOM B** by die stelling / woorde / vrae in **KOLOM A**. Skryf slegs die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

| KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|
| 2.15.1 | Hy het voorgestel dat hulle moet gaan bergklim. | A. Tonie<br>B. Stellenbosch |
| 2.15.2 | Waar het hulle gaan bergklim? | C. Gouws |
| 2.15.3 | Wie is verlief op Christien? | D. Skurweberg |
| 2.15.4 | Waar was Christien op skool? | E. Vyfhonderd kilometer |
| 2.15.5 | Waar sou Christien volgende jaar studeer? | F. Jaco |
| 2.15.6 | Hy is ? ryloper. | G. Skoene |
| 2.15.7 | Die ryloper se gesin woon hier. | H. Hexirivier-gebied |
| 2.15.8 | Die ryloper werk aan hierdie pad op die oomblik. | I. Wilgerspruit<br>J. Worcester |
| 2.15.9 | Dit is hoe ver die ryloper vandag gaan ry. | |
| 2.15.10 | Wat het die ryloper vir sy vrou gebring? | |

**(10)**

**EN**

**_DIE WEDLOOP_ – P. Bekker**

**INSTRUKSIES:**

- Skryf die TITEL van die KORTVERHAAL neer.
- Skryf SLEGS die VRAAGNOMMER en die toepaslike ANTWOORD neer.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

**VRAE:**

2.16 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Salmon en Vis se skole / dorpe het rugby teen mekaar gespeel. (2)

2.17 Watter skool / dorp het verlede jaar die kompetisie gewen? (1)

2.18 Waar vind die byeenkoms hierdie jaar plaas? (1)

2.19 Kies die antwoord wat VERKEERD is. Skryf slegs die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

Vis het vir Salmon drie keer uitgedaag (challenged). Wat was die uitdagings? Die uitdagings was om ______.

A. met Vis se karretjies te speel
B. roomys te eet
C. na die winkel te gaan
D. oor die heining te spring (1)

2.20 Voltooi:

Toe Salmon probeer spring het, het hy in ? groen 2.20.1 ______ getrap en sy hakskeen seergemaak. Altwee het groot geskrik en besef dat hulle in die moeilikheid gaan wees. Vis sê hy sal vir Salmon 2.20.2 ______ en hom na die atletiekveld toe neem. (2)

2.21 Wie is die volgende karakters? Gee net hulle name.

2.21.1 Hy tel Salmon op sy skouer, nadat hy verlede jaar gewen het. (1)

2.21.2 Hy het verlede jaar die naellope gewen. (1)

2.22 Wat het Salmon en Vis uiteindelik gewen aan die einde van die verhaal? (1)
**(10)**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [40]**

**EN / OF**

AFDELING C

**ROMAN: *KRINGE IN 'N BOS* – Dalene Matthee**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae in hierdie afdeling.
- Beantwoord ELKE STEL VRAE op ? nuwe bladsy.
- Gee SLEGS die antwoord.
- Nommer in die MIDDEL van die bladsy.

**VRAAG 3**
**SAUL SE LEWE**

> "Jy was van altyd af eiewys en anerster."

3.1 Wat het met Jozef se seun gebeur? Gee TWEE feite. (2)

3.2 Wie is, volgens Jozef, verantwoordelik daarvoor? (1)

3.3 Vir wie het Jozef gevra om vir Oupoot te gaan skiet? (1)

3.4 Waar was Saul toe Maska hom daarvan kom sê het? (1)

3.5 Waarheen was Saul op pad? (1)

3.6 Watter belangrike besluit het Saul ná hierdie nuus geneem? (1)

3.7 Wat het Saul later by Maska gaan leen? (1)
**(8)**

**EN**

3.8
> "Vandat hy sy verstand gekry het, het die ou maar by hulle gewoon en in sy pa se span gekap."

3.8.1 Wie is die **ou** in die aanhaling? (1)

3.8.2 Wat was hierdie man se swakpuntjie? (1)

3.9
> "Die grootmense het óf opsetlik vir hom gelieg óf hulle het self die lieg geglo."

3.9.1 Van watter **lieg** word hier gepraat? (1)

3.9.2 Wat is die waarheid, volgens Saul? (1)

3.10 “Ek kap nie aan daardie boom nie, Pa.”

3.1.0.1 Watter boom het Saul geweier om te kap? (1)

3.10.2 Hoe lank het hulle gekap tot die boom omgeval het? (1)

3.11 “Toe jaag sy pa hom weg.”

3.11.1 By wie het Saul gaan werk? (1)

3.11.2 Waar het Saul geslaap? (1)

3.11.3 Hoe lank het Saul hier gewerk? (1)

3.11.4 Hoe oud was Saul toe hy hier begin werk het? (1)

3.11.5 Hoe oud was Kate toe Saul hier begin werk het? (1)
**(11)**

**EN**

3.12 Pas die brandmerke / name in **KOLOM B** by die gebeure / name van **KOLOM A**. Gee slegs die VRAAGNOMMER endie LETTER.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 3.12.1 | Toe hy die bloubokkie se kop oopgekap het. | A. | Oproerling |
| 3.12.2 | Jozef beskuldig Saul daarvan. | B. | Opstandeling |
| 3.12.3 | Saul weier om die boom te kap. | C. | Weggejaagde |
| 3.12.4 | Hy loop nie weer ? pad wat nêrens uitkom nie. | D. | Mr. Osborne |
| 3.12.5 | Hy het in Kalifornië met goud kennis gemaak. | E. | Mister Patterson |
| 3.12.6 | Hy het prospekteerwerk in Australië gedoen. | F. | Hy het vir Harison gespaai |

**(6)**

3.13 Kies elke keer die VERKEERDE antwoord. Skryf slegs die VRAAGNOMMER en die ANTWOORD neer.

3.13.1 **AREND BOTHA**

A. Hy het Saul gehelp om Patterson uit die bos te dra.
B. Martiens was sy pa.
C. Hy het ? talent gehad met die beeshoring.
D. Hy het gesond geword nadat hy in ? geroeste perdeskoen getrap het. (1)

3.13.2 **PATTERSON**

A. Saul het sy pan gekry.
B. Prospekteerder.
C. Hy kom van Kalifornië af.
D. Mis het hom benoud gemaak. (1)

3.13.3 **KATE**

A. Sy het vir Saul geleer om Afrikaans te skryf.
B. Sy lyk soos ? engel.
C. Sy het ? hoekerf vir Saul gekoop.
D. Sy moes uitskryf: "All woodcutters are wild ..." (1)

3.13.4 **MASKA**

A. Hy respekteer Saul.
B. Hy is ? bruin man.
C. Saul leen ? geweer by hom.
D. Hy blameer Saul vir alles. (1)

3.13.5 **SAUL**

A. Saul en Jozef het aan die einde vrede gemaak.
B. Saul het ? hoekerf in die Kaap gekoop.
C. Die Bos was belangrik vir hom.
D. Hy was lief vir Kate. (1)
**(5)**

**EN**

| Maar hy het nooit in die Kaap aangekom nie. Nie om te bly nie. |
|---|

3.14 In watter dorpie het Saul besluit om te bly? (1)

3.15 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

Saul huur ? kamer by ______.

A. die twee ou Muller-susters
B. twee ou broers
C. ? ouetehuis
D. ? motel (1)

3.16 Saul het later vir Abraham Steyn gaan werk. Wat het oom Abraham vir Saul geleer? (1)

3.17 Waarheen het die oom Saul gestuur om hout te gaan koop? (1)

3.18 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die VRAAGNOMMER en die LETTER neer.

Watter hout moes Saul uitlos, volgens die oom?

A. Kalander
B. Stinkhout
C. Geelhout
D. Dwarslêer (1)

3.19 Voltooi:

Na omtrent 3.19.1 ______ jaar by oom Abraham het Saul besluit om terug 3.19.2 ______ toe te gaan. Hy wou ? 3.19.3 ______ daar begin. Saul het besluit hy sal hout koop op voorwaarde dat die boswagter se 3.19.4 ______ op die hout is. Saul het dadelik besef dat MacDonald dit vir hom moeilik maak en toe het hy besluit om met die 3.19.5 ______ oorsee te gaan. (5)
**(10)**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [40]**

**EN / OF**

AFDELING D
**NOVELLE: *GOOI HOM IN DIE SLOOT* – Roelf van Rensburg**

**VRAAG 4**

- Beantwoord AL die vrae in die afdeling.
- Skryf SLEGS die ANTWOORD teenoor die VRAAGNOMMER neer.
- Begin ELKE STEL VRAE op ? NUWE bladsy.

**PHILIP UYS SE KINDERDAE**

4.1 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

Philip Uys se familie was baie (ryk / arm) 4.1.1 ______. Sy pa was eers ? smid en later het hy in die (myne / bank) 4.1.2 ______ gewerk in ? steenkooldorpie. Sy pa het baie (gedrink / gerook) 4.1.3 ______ en sy ma was baie ongelukkig. (3)

4.2 Voltooi:

Philip Uys was 4.2.1 ______ jaar oud toe hy by ? kafee gaan werk het. Die eienaar was 4.2.2 ______ en hy was baie moeilik. Philip het gaan werk, want hy wou twee 4.2.3 ______-geskenke gekoop het. (3)

4.3 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Philip het die hele vakansie gewerk. (2)

4.4 Hoe het die eienaar Philip se geld vir hom gegee? (1)

4.5 Wat het Philip met die geld gedoen? (1)
**(10)**

**EN**

**PHILIP UYS AS HOOF**

4.6 Voltooi die paragraaf hieronder met die korrekte antwoord. Kies jou antwoord uit die volgende lysie. Skryf slegs die VRAAGNOMMER en die KORREKTE antwoord neer.

| |
|---|
| Daan Claasen; ongelukkig; skoolmaat; bly; Monica; gelukkig; Nic Wolmarans; hoofpos; Kroondal; Bertha; Doringspruit; kringinspekteur; predikant |

Die telefoon lui en Philip antwoord. Dit is 4.6.1 ______, ? oud-kollega en 4.6.2 ______ van Philip. Die spreker vertel vir Philip dat hy oorweeg word vir ? 4.6.3 ______ op ? plattelandse dorpie, naamlik 4.6.4 ______. Philip vertel vir 4.6.5 ______ van die goeie nuus, maar sy is baie 4.6.6 ______. (6)

4.7 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Philip Uys is ? gesonde man. (2)

4.8

| |
|---|
| “Philip het onverwags voor hom tot stilstand gekom en Louis loop in hom vas. Philip kyk sy seun strak aan. “Jy bly weg van Madeline Mostert af,” sê hy afgemete. “Daar’s genoeg moeilikheid met al die stories wat nou rondlê. Hou jou daaruit.” |

4.8.1 Watter stories lê rond oor Madeline? (1)

4.8.2 Kies die KORREKTE antwoord. Gee slegs die NOMMER en die LETTER.

Hoekom wil Philip hê dat sy seun van Madeline moet wegbly?

A. Philip hou nie van Madeline nie.
B. Netnou dink almal sy seun rook dagga.
C. Philip dink sy is arm.
D. Philip glo Madeline is nie ? goeie meisie nie. (1)
**(10)**

**EN**

## WESSEL LATEGAN

4.9 Lees die volgende stellings / sinne. Die feite is nie heeltemal korrek nie. Skryf die sinne oor sodat die feite korrek is.

4.9.1 Wessel se vrou respekteer Philip Uys. (1)

4.9.2 Dit was by die drama-aand wat Wessel die kinders gevang rook het. (1)

4.9.3 Wessel het vir Madeline en Casper gevang rook. (1)

4.9.4 Wessel is die vise-hoof van Kroondal. (1)

4.10 Voltooi:

Philip bel vir Wessel en vra vir hom of hy toesig sal hou by die skool. Wessel se vrou is woedend, want die 4.10.1 ______ kom vanaand by hulle eet. Monica sê vir Wessel dat sy skoolsake belangriker is as sy 4.10.2 ______. Monica sê verder dat Wessel geen ekstra geld verdien nie, want hy doen alles vir die skool. Wessel antwoord dat hy maar net ? 4.10.3 ______ is. (3)
**(7)**

## EN
## ALGEMENE VRAAG

4.11 Wie is die hoofsportonderwyser by Kroondal? (1)

4.12 Is die volgende stelling WAAR / ONWAAR? Sê hoekom jy so sê.

Madeline se ouers is gelukkig getroud. (2)

4.13 Wie is die atleet wat ? rekord in atletiek gebreek het? (1)

4.14 Noem EEN slegte gewoonte van Braam. (1)
**(5)**

**EN**

**ALGEMENE VRAAG**

4.15 Pas die woord/e in **KOLOM B** by die woord/e in **KOLOM A**. Gee slegs die VRAAGNOMMER en die LETTER.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 4.15.1 | Philip wil hier aftree | A. | Marius Schneider |
| 4.15.2 | ? groot swart motor | B. | Welthagens |
| 4.15.3 | Selma | C. | geregsdienaar |
| 4.15.4 | hoofseun | D. | Mev. Momsen het hier grootgeword |
| 4.15.5 | Tom Hefer | E. | Braam baklei met hom |
| 4.15.6 | ? baie ryk familie | F. | Nic Swanepoel |
| 4.15.7 | een van die swartskape | G. | Bertha se dogter |
| 4.15.8 | Hamman | H. | platteland |
| 4.15.9 | Moira | I. | Braam |
| 4.15.10 | Doringspruit | J. | Casper |
| 4.15.11 | Louis Uys | K. | sy ondersteun en glo in Casper |
| 4.15.12 | geldwolf | L. | Mari-klub |
| 4.15.13 | almal rook dagga | M. | twee leerlinge word raakgery |
| 4.15.14 | Christa | N. | tant Flori hou van hom |
| 4.15.15 | tref-en-trapongeluk | O. | Madeline se ma |
| 4.15.16 | modeontwerper | P. | Vriendin van Madeline |

**16÷2=[8]**

**TOTAAL VIR AFDELING D: [40]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**